GMAC jaag rekord

LEDE van die Stellenbosse Give me a Chance-inisiatief (GMAC) wil 'n rekord opstel deur die meeste fietsryers nog bymekaar te kry om saam vir liefdadigheid te ry.

Lede van dié inisiatief beplan om volgende jaar die rekord by die Pick n Pay Cape Argus-fietstoer op te stel.

Volgens Lee-Anne Stoffberg van GMAC het hulle sowat 400 fietsryers nodig. "Ons kon nog nooit 'n verslag kry van 'n groep groter as 350 deelnemers nie."

Die deelnemers wat ten bate van die rekord gaan ry, sal almal in GMAC-fietsrydrag wees.

Stoffberg sê mense is oor die algemeen geneig om goed vir ander te wil doen en om die beste te wil wees.

"Deur deel te word van 'n groep wat fietsry vir liefdadigheid, kry mense die kans om goed te doen deur geld in te samel vir 'n organisasie wat deel wil wees van die oplossing vir ons land.

"Die idee om 'n wêreldrekord op te stel is verdere motivering vir die groep om nie net goed te doen aan ander nie, maar ook om die beste te wees."

Inskrywingsvorms is onder "events" op die webwerf givemeachance.co.za te kry. Die vorm moet ingevul en teruggestuur word, waarna GMAC namens elke deelnemer sal inskryf.

JC Bekker en sy seun Rossouw Bekker het verlede jaar in die GMAC-groep gery.